MCH91-6a-2-12

// (11) A32.

1

Bellville R.O.M. 7/2/63

Naam : HERDMAN VELEMBA Bsar 20 jr
N.I. Nr. : 3418015 : Gebore : Kaap
Werksaam en woonagtig: Kingsbury Hotel Sea Point

Jy is nou in die teenwoordigheid van Ser. v Rooyen
..............., 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie.

Ek ondersoek die bedrywighede van die verbode organisasie, Pan Africanist Congress (P.A.C.), wat onder die bantoes bekend is as POQO.

Daar is inligting tot my beskikking en ek het rede om te glo dat jy 'n lid van hierdie verbode organisasie is. Dit is 'n ernstige saak en ek moet jou waarsku om versigtig te wees wat jy sê. Jy is, egter, nie verplig om enigiets te sê wat jou mag inkrimineer nie, maar wat jy sê, sal op skrif gestel word en dit mag as getuienis gebruik word.

Verstaan jy wat die aard van die beweerde aanklag is en jou regte ? Is jy bereid om sekere vrae te antwoord?

Ja ek verstaan die waarskuwing en ek is bereid om 'n verklaring ter verduideliking van alles wat ek weet omtrent die organisasie af te lê.

Ek is in Jakkalsvlei Kaap gebore. My vader se naam is Joël Velemba. Ek het geen hoofman of Kaptein nie.

Ek het in die Dutch Reformed skool Langa skoolgegaan tot Std. III.

Ek het in 1958 begin werk. Vanaf die middel van 1960 tot 16/11/62 het ek by die Joodse ouetehuis, Buitenkant straat;

HV

verwolg

Bheile Kom 29/2/63 A32

Kaapstad gewerk

Omtrent 4 maande nadat ek begin werk het by die Joodse Ouetehuis, het daar 'n groepie Bantoe mans gekom. Hulle het vir ons wat in die Ouetehuis werk in ons groot slaapkamer bymekaar geroep en gesê hulle kom van Langa en kom in verband met Poqo sake. Hulle het gesê hulle soek lede vir "Poqo". Hulle wil dieselfde dinge as in 1960 doen – daarby bedoel hulle die opstande. Dit het hulle gesê wil hulle in 1963 doen.

Hulle het vir ons gesê of jy nou wil aansluit of nie. Dit sal nie help nie. Almal moet aansluit. Die wat nie wil aansluit nie sal doodgemaak word. As sou 'n man vlug na die "land" – sy tuisdistrik, sal hy daar ook doodgemaak word want Poqo se lede is oor die hele land.

Hulle het gesê die lede wat aansluit moet 25c betaal.

Ek weet nie of daar van my maties was wat op daardie vergadering aangesluit het nie. Ek self het eers vir 2 maande gewag

B. B[illegible] H V

Voordat ek besluit het om my 25c te gee en maar laan te sluit. Dit het ek gedoen omdat ek gewees het dat ek lid aangedaan sal word deur die mense as ek nie aansluit nie.

Op hierdie geleentheid was daar ook 'n ~~groep~~ groep manne van omtrent 5, wat gesê het hulle is van Langa van die "Regional House" of "Big House" soos hulle dit ook noem.

Tom Madikani en Simon Nduku het ook dieselfde aand hulle name laat inskryf. ~~en hulle~~ Ek weet nie of hulle dieselfde aand hulle aansluit fooi betaal het nie.

Ander lede wat ek gesien het hulle name opgee vir die organiseerders is: Harry Baysen, Archie Mhamuli (Hy is nou in die land). en Cambel. Sy van weet ek nie.

Die manne van Langa - die organiseerders, het omper elke week gekom, party keer 2 maal in die week en soms tyds het hulle 'n week oorgeslaan. Elke keer as hulle kom was daar 'n vergadering en dan het hulle vir ons "lectures"

gegee oor Pogo.

Die volgende werkers by die tehuis het baie vergaderings van Pogo saam met my bygewoon:-

1. Eek self Headman Velemba
2. Harry Boysen
3. Simon Ndulu.
4. Tom Madikani
5. Madlenkosi Masoka
6. Ernest Hashe.
7. Kidman Soloman.
8. Thomas Lakaba
9. Livingston Mgadi
10. James N~~Maatha~~ tatywa.
11. Ness. (Maxan bizabantu)

Eek weet dat die manne van genoem almal lede van Pogo was.

Nadat ons almal as lede ingeskryf was het die organiseerders vir ons alles vertel van die Organisasie. Dit was as volg:- Die doel van die Organisasie (Pogo.) is om teen die Witmense te veg om ons land - die hele Suid-Afrika, terug te kry van die witmense. Hulle het gesê Sobukwe sal in die parlement sit met sy eie regering. Daar sal geen Witmense in die Regering wees nie.

Die witmense moes uit die land verdryf word as hulle nie onder Sobukwe wil

HV

staan nie. As hulle nie die land wil verlaat nie sal hulle doodgemaak word.

Die datum van die geveg is nie gegee nie maar dit sou in 1963 wees.

Elke lid van Pogo moet sien dat hy 'n wapen het waarmee hy 'n persoon kan doodmaak. Byle, assegaie, Panga's en Rewolwers is genoem.

Wanneer 'n witman doodgemaak word, moet sy wapen geneem word en dit moet deur die Bantoe gebruik word om die geveg voort te sit.

Die volgende persone wat by die te Huis werk het ook al ~~die~~ vergaderings toegespreek.

(1) Kidman Solomon
(2) Livingstone Ngade.
(3) Ernest Hashe
(4) Thomas Rakaibe.

Ek onthou vier vergaderings wat in die kwartiere by die te Huis gehou is sonder dat die organiseerders van buite teenwoordig was.

Ek het gesien dat Kidman Solomon, Livingstone Ngade Ernest Hashe en Thomas Rakaibe die lede byeen roep vir die vergaderings.

Kidman en Livingstone was die "Sterkste sprekers" op die vergaderings. Hulle

[signature] H X

Bfville Rom 7/8/2/63 A 32

het saamgestem met die Organiseeders dat dit 'n goeie ding is vir die bantoe om saam te staan om ons land van die Witman terug te val: Hulle het ook vir ons herinner om altyd reg te wees om te baklei vir ons land en dat ons as bantoe volk moet saamstaan om hierdie doel te bereik.

Oefeninge

Die organiseerders het vir Hashe aangestel om vir ons oefeninge te laat doen om fiks en sterk te wees. Hashe het vir ons sekere oefeninge laat doen. Ons moes spring oefeninge doen, klippe as gewigte gebruik en geweeptool-oefeninge doen, en ook "Judo Grips".

Brandbomme

Daar het ook een keer 'n bantoe van Langa gekom en op 'n vergadering vir ons gesê ons moet; petrol, olie of parafien kry, want ons het bomme nodig. Hy sal weer kom om vir ons te leer hoe om 'n brandbom te maak. Hy het egter nog nie gekom voordat ek by die te Huis weg is nie.

Die brandstof moes ons in ons kamers hou sodat ons dit kon gebruik as die geveg moet begin.

HV

Hulle het gesê wanneer ons instruksies kry om te veg moet elke bid, waar hy ook al is begin. Ons moet die plekke aan die brand steek en as jy nie die plek aan brand kan steek nie moet jy die witmense aanval en doodmaak.

Ernest Hashe het vir my en die volgende manne bymekaar geroep teen die end van September 1962 en gesê dat ons geld bymekaar moet gooi om wapens en ander benodigdhede te koop. Die manne was

1. Ek self.
2. Harry Boysen.
3. Dirian Nduku.
4. Tom Madikane.
5. Archie Mhlawuli.
6. Madlenkosi Masoka.

Hashe het gesê ons moet op die 1ste en 16de van elke maand 50c betaal. Ek het toe op 1/10/62 en op 16/10/62 betaal. Ek het ook op albei die dae gesien dat die ander 5 van genoem vir Hashe betaal. Hy het vir Tom Madikane aangestel om die gelde in 'n klein swart boek op te skryf, waar ons name in geskryf was. Hashe het die geld vir Madlenkosi gegee om te hou.

Die manne van Langa

Saakmaak.

Wapenfonds.

HV

Bjriellekom 78/2/63 A 32

het vir ons opgedeel in twee groepe die Jongspan of "Task force" en die General Pack.

Ek was een van die Jongspan. Hulle noem ons - die Jongspan - wat eintlik die soldate is - in bantoe-taal ~~Uphuzi~~ "Ulutsha". Daarvandaan kom dan die naam wat voor in die boek geskryf is "INCWADI YOLUTSHA" wat beteken "Boek van die Jongspan".

Hashe het gesê dit is net ons Jongspan wat geld moet bydra vir ons wapens.

Ek het 'n totaal van R11-00 betaal voordat ek weg is van die te Huis.

Ek is op 16/11/62 ontslaan by die Joodse Ouetehuis. Ek ~~woon~~ op die versoek daar weg gaan maar het gevreet as ek vir die baas so sê sal die lede dink ek wil weghardloop van die organisasie af. Toe het Harry Boysen en ek besluit om vir ons drank te drink. sodat die baas ons moet ontslaan. Ons het dit gedoen en dit het die gewens te uitwerking gehad.

Die rede waarom ons wou wegkom van die Pogo. is omdat die organiseerders gesê het dat Sobukwe gedurende Maart - 1963 uit die

H V

Spieël kom 18/2/63 A 32

kwaad kom en ons het verstaan dat dit miskien van die begin van die geweg sal wees. Ons was bang daarvoor en waar wekom van hulle af

Ek het vergeet om vir James Mtotywa te noem. Hy het ook by die te Huis gewerk en was ook 'n lid van Poqo. Hy het baie vergaderings saam met my bygewoon. Hy het altyd te kenne gegee dat hy saamstem met die planne van die leiers.

Ek het die gelde vir Poqo bygedra en die vergaderings bygewoon bloot uit vrees dat die organisasie se mense my sal doodmaak of leed aandoen as ek sou weier, want dit is duidelik vir ons gesê dat jy nie moet weier om saam met hulle te gaan nie.

Nadat ek van die tehuis weg is was ek nog steeds bang dat hulle sal uitvind dat ek beplan het om weg te kom en dat hulle my dan sal kom slaan of selfs doodmaak.

Ek onthou daar was 'n man wat genoem word Tshangayi. Hy het saam met die manne van Langa gekom ook om die vergaderings

HV

by te woon en toe te spreek.
Ek weet nie waar hy bly
of werk nie.
Vir Alfred Makakina wat
ook saam met ons gewerk
het by die te Huis het ek
ook op die vergaderings gesien.
Ek weet nie of hy vrywillig
aangesluit het nie.

H Vele mBx

Bellville 13/3/63. 10 v.m.
Verklaring geneem deur my.
[signature] 22573 Sers.

Verklaarder erken dat hy ten volle
op hoogte is met inhoud van sy ver-
klaring dit begryp en verstaan. Beëdig
voor my te Bellville hierdie 13de Maart 1963
om 10 v.m. Oorgelees en onderteken in my
teenwoordigheid.

[signature] 22573 Sers.
Kom. v. Ede S.A.

R

HEADMAN VELEMBA. Ofm.

Verklaar Verder:-

Eek het reeds 'n verklaring aan die speurders gemaak waarin ek verwys het na die vergaderings van Pogo by die Joodse oue-tehuis.

Eek het nou na 'n klomp fotos gekyk maar ek onthou nie die gesigte van die organiseerders wat van buite ons tehuis gekom het om vergadering te hou nie, en ek kan nie sê of hulle ook op die fotos is nie.

Op foto "Pogo. XX sien ek almal manne wat saam met my by die Ouetehuis gewerk het. Nos. 1-9 ken ek by naam, maar No. 10 se naam ken ek nie. Eek hoor nou dat sy naam John Matuma is.

Op foto "Pogo. XX2 is, ekself, Harry Baayen en Alfred Makalima.

Al hierdie manne was lede van Pogo by die Ouetehuis.